


Leer jou breipatrone beter verstaan

In die vorige aflewering het ons die eenvoudigste wyse van vermindering verduidelik. In dié les leer ons julle om 'n volgefattoeneerde vermindering te brei wat saam met eersgenoemde 'n gebalanseerde fatsoenering oplewer en netjiese naatlyne op 'n gladde koussteekkledingstuk vorm. Afsonderlik gebrei, is dié steke die grondslag van baie kantpatrone


Vermindering van een steek om te fatsoeneer, word geskryf grtgo of gl 1, r 1, tgso. Die twee afkortings beteken albei glip 1 steek, brei 1 steek, trek die glipsteek oor die gebreide steek. In ons aanwysings gebruik ons die afkorting grtgo om aan te dui dat een steek verminder moet word asook om




E. glip 1

verwarring met gl 1, r2 tes, tgso te voorkom wanneer twee steke in dieselfde patroon verminder moet word.

Om grtgo te brei, steek punt van regterbreinaald in voorkant van eerste steek op linkerbreinaald glip dan die lus oor op regterbreinaald (foto E). Brei volgende steek (foto F) en trek daarna met punt van linkerbreinaald die glipsteek, d.w.s. die tweede steek op regterbreinaald, oor die eerste steek en laat dié steek van breinaald afgly. Die voltooide beweging kan op foto G gesien word.




F. brei 1



G. vermindering voltooi

In kantpatrone kan twee of meer steke op soortgelyke manier verminder word om 'n gaatjiespatroon te vorm, dit word dan gl 1, r2 tes, tgso geskryf, wat beteken glip 1 steek, brei 2 steke tesame (soos geïllustreer in foto A en foto B van les 1), trek glipsteek oor.

Om gl 1, r2 tes, tgso te brei, steek punt van regterbreinaald in voorkant van eerste steek




H. trek glipsteek oor

op linkerbreinaald en glip dan dié lus oor op regterbreinaald (foto E). Brei die volgende twee steke tesame, dan, met punt van linkerbreinaald, tel glipsteek (foto H) op en trek dit oor die eerste steek, laat lus so-doende van breinaald afgly.

Op foto J kan gesien word hoe grtgo en r2 tes langs mekaar gebruik word om 'n duidelik waarneembare lyn te vorm. Die raglan-


afskuinsing op foto K word verkry deur r2 tes op die een pant, en grtgo op die ander



J. gepatroneerde vermindering

pant te brei. Albei pante het 'n reksteekrand.

'n Veelvoudige vermindering is soms nodig aan die bokant van 'n ruffelboord om die juiste getal steke vir die grootte van die kledingstuk te verkry. Die patroonsteek waarvoor dit gewoonlik gedoen word, is vissersriffelsteek want dit rek en daarom is baie minder steke daarvoor nodig as wat vir die ruffelboord nodig is. Dié soort vermindering word gebrei deur egalig gespaasde verminderings oor die hele ry te brei.



K. fatsoenering

In les 3 sal ons die verskillende maniere waarop vermeerder kan word, verduidelik.